**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# polsslag

Rom 12:2

## Gereformeerde Kerk Benoni

4 September 2016

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**GEMEENTE KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE

| OGGENDDIENS | LOF-EN AANBIDDINGSDIENS | AANDDIENS |
|---|---|---|
| ***09:00*** | ***17:00*** | ***18:30*** |
| ***Dr, Braam Krüger*** | ***Dr. Braam Krüger*** | ***Ds. Emile Naude*** |
| *Skriflesing: Openbaring 10* | *Skriflesing:* | |
| *Tema: Hoe ernstig is ons régtig met die Woord?* | *Tema:* | |

**HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY VANDAG SE EREDIENSTE**

## KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**GELUKWENSING:**

* Bert en Ryna van Krieken het Saterdag, 27 September hul 50ste huweliksherdenking gevier. Baie geluk.

**MEELEWING:**

* Veronica Boshoff se pa is Donderdagnag oorlede. Ons dink aan Veronica, Bossie en die res van die familie, en bid dat die Here hulle ryklik sal vertroos .

**VOORBIDDING:**

* Tant Annetjie Yssel is opgeneem in die Tambo Memorial hospitaal. Haar toestand is tans stabiel.
* Tant Adrie du Plessis is in die hospitaal na sy geval en haar heup gebreek het.
* Oom Gideon Hall was in die hospitaal vir 'n prosedure. Hy sterk tuis aan.
* Lottie Bakker is kritiek in die Linmed. Ons dra Jan en die hele familie op in ons gebede in hierdie moeilike tyd.

**GKSA BEROEPE NUUS:**

BEROEPE ONTVANG

Ds AP Kruger (Abraham) van Welkom/Virginia na Wolmaransstad.
Ds W van der Waal (Willem) van Linden na Sasolburg.

**GEMEENTENUUS:**

VERSKUIWING VAN OUDERLINGE:

Piet Bateman verskuif vanaf blok E na wyksouderling van wyk G33.
Flippie Opperman verskuif na ouderling van Blok B

TER APPROBASIE:

Johan Pretorius word aan die gemeente voorgehou as ouderling.

## DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | | LOKAAL |
|---|---|---|---|---|
| So. 04/09 | 08:00 - 09:00<br>09:00<br>Tydens preek<br>10:15 –11:00<br>18:00 - 19:00 | Gebedskamer<br>Peuter-kerk<br>Kleuterkerk<br>Katkisasie gr 1-7<br>Katkisasie gr 8-11 | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Betsie Coetzee<br>Adri van Tonder<br>Adri van Tonder | Ou Moederskamer<br>Huis<br>Konsistorie<br>Onderskeie lokale<br>Onderskeie lokale |
| Ma. 05/09 | 09:30 | Bybelstudie Rynpark 5 | Adri Goede | Rynpark 5 |
| Di. 06/09 | 09:00 | Koördineringsvergadering | | Konferensie lokaal |
| Do. 08/09 | 19:00 | DUST -hoërskooljeug byeenkoms | | Kerkhuis |
| Vry. 09/09 | 05:30 - 06:30<br>05:00 - 06:00<br>08:30 | Gebedsgroep<br>Mannebyeenkoms<br>Bybelstudie | Donsie Krüger<br>Schalk van Eeden<br>Braam Krüger | Konsistorie<br>Saal<br>Konsistorie |

## DIENSBEURTE

**TEESKINK**

Vandag: Wyk A1
11 Sept: Wyk F29

**OUDERLING**

Vandag: Willem Reynecke
11 Sept: Schalk Venter

**MALAN NEL SEMINAAR.**

Klankopnames van die seminaar wat op 26 & 27 Aug plaasgevind het is op CD(mp3) slegs op bestelling beskikbaar teen R40 per stel. Alternatief kan jy 'n USB "stokkie" bring. Kontak Ronel Ritchie 081 218 3048

## SPESIALE VERSOEKE & AANBIEDINGE

**BORG 'n BALK**

Die eerste fase van die bankie-projek is afgehandel., met groot dank aan almal wat bygedra het daartoe. Die lendelam bankies en splinters is 'n ding van die verlede!

DIT IS NOU TYD VIR DIE TWEEDE FASE!

Daar is reeds genoeg plastiekhout aangekoop om een plastiekhout-stel te bou. Een balk kos R100, en daar is 20 balke nodig om een stel te bou. 'n "Borg 'n balk" projek is geloots om die aankope en bou van plastiek-hout bankies te help befonds.

Koevertjies is by die deure beskikbaar vir kontantdonasies en kan in die kollektesakkies geplaas word, of EFT inbetalings kan in GK Benoni se rekening gemaak word, met verwysing " BALKIEPROJEK". Bankbesondehede is op die agterste bladsy van die polsslag.

Die volgende bouprojek sal DV Saterdag **17 September** vanaf 08:00plaasvind, en alle lidmate wat wil betrokke raak is baie welkom.. Die dames sal weer vir die honger magies sorg.

Navrae by Stefan Coetzee 083 785 2713

**JONG ENKEL-MA SOEK DRINGEND VERBLYF**

Daar is 'n enkel ouer en haar dogtertjie wat dringend op soek is na ' bekostigbare. dierevriendelike blyplek om te huur. As jy van iets weet, of self iets beskikbaar het vanaf 1 Oktober kontak haar asb.

Jomari Nel: 072 859 7842

**STOMP MESSE EN SKÊRE?**

Het jou gunsteling mes of skêr stomp geword? Skakel gerus Ockie Annandale en hy sal met groot sorg en vernuf dit weer soos nuut maak vir jou.

Ockert Annandale; 082 482 7784

**GK– DAVEYTON**

Daveyton gemeente wil 'n kerk-band begin, en vra of daar iemand is wat n keybord en dromme het wat hulle nie gebruik nie en beskikbaar sal stel.
Kontak Petunia by: 0746903396

## BANKIE –PROJEK

**17 SEPTEMBER VANAF 08:00**

Kom deel in die koinonia en bou saam aan die nuwe bankies vir die binneplein by die kerk.
Navrae: Stefan Coetzee 083 785 2713

## PALMS LENTEKONSERT

**Alle lidmateword vriendelik uitgenooi na bogenoemde funksie.**

**Datum** : DV Woensdag 21 Sept.
**Tyd** : 09:30 vir 10:00
**Plek** : Gereformeerde Kerk Benoni
**Toegang** : Gratis ( kollekte sal gehou word )

Kunstenaar: Philip Moolman. Wel bekend as akteur ( Egoli, Sonkring, ens.) en as sanger ( met liedjies soos Hoog bo die wolke, Leef in liefde,Moskombersie) Hy het ook bekendheid verwerf met die gewilde Blou Hond Restaurant, eers in Melville en tans in Pretoria.
Skryf asb. jou naam op die vorm in die saal, of gee jou naam by Ina Bolt 011 849 2054 in die kerkkantoor op. Nooi julle vriende saam.
Ons benodig slegs getalle om sodoende ons verversings te bestel.
Ons sien daarna uit om u te ontvang en sommer baie lekker te kuier

Vriendelike Groete

## ONTWIKKELLING VAN MISSIONALE KERKE SEMINAAR 14 & 15 OKTOBER

TYE: Vrydag 18:00 - 21:00 &
Saterdag 09:00-15:00
Plek: St. Andrews Presbyteriaanse Kerk,
24C Miles Sharp straat, Rynfield.
Registrasie fooi: R50

Die opvolg seminaar oor die ontwikkelling van missionale kerke, aangebied deur prof. Malan Nel sal by St. Andrews Presbyteriaanse Kerk aangebied word.
Lidmate wat die seminaar wil bywoon kan hul name by Ronel Ritchie opgee vir registrasie, of aanlyn die vorm invul op ons webwerf www.gkbenoni.co.za
Registrasiefooi is by die seminaar betaalbaar.
Vir navrae/registrasie kontak Ronel op 081 218 3048

## BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

3 **Verlede keer 28 Augustus 2016 se antwoord: Genesis: 37: 28**

“ en toe daar van die Midianitiese handelaars verbykom, het die broers vir Josef uit die put opgetrek en vir twintig stukke silweraan die Isma-eliete verkoop en die het hom Egipte toe gevat. “

Die volgende lesers het antwoorde ingestuur: Martie Gibson; Gerda de Jager; Una Steyn; Chrissie Pretorius; Jan Bakker; Rita Suurd.

Hierdie week: Soek die Bybelvers

“ Die skoonheidsbehandeling waaraan die meisies hulle volgens die gebruik moes onderwerp, het twaalf maande geduur: behandeling met ?????????  en met ander ??????????????? en ander skoonheidsmiddels ses maande. Daarna het elke meisie ‘n beurt gekry om na koning Ahasveros toe te gaan”

Vraag: Met watter twee skoonheidsmiddels is Ester en ander meisies vir ses maande elk behandel?

Lees gerus Ester en noem die 2 skoonheidsmiddels wat deur Ester en ander meisies gebuik is en die verse waar dit staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173

## VERJAARSDAE 4 –10 Sept

Baie geluk en mag ons Vader julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar!

| DAG | NAAM | KONTAK NR. |
|---|---|---|
| So 4/09 | Chris de Lange * | 083 630 2168 |
| Ma. 5/09 | Arno Venter<br>Dirk van Rooyen<br>Marié Kruger* | 076 810 0670<br>082 446 1999<br>083 229 5383 |
| Di.. 6/09 | Zeejaad Hector # | |
| Wo. 7/09 | Evert Bolt<br>Richelle van Kaam #<br>Selma van Tonder<br>Thinus Brits | 082 446 0794<br><br>084 631 6009<br>082 319 6692 |
| Vr. 9/09 | Ilize de Lange #<br>Liza Nel<br>Richard Watt | <br>082 296 7021<br>084 624 1432 |
| Sa. 10/09 | Erika van der Walt<br>Juandré Breitenbach #<br>Marco Flies | 082 465 3598 |

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

# Spesiale nuus

**2016 FRANKFORT RIVIERTOER:**

**Datum:** Woensdag 30 November 2016 tot Sondag 4 Desember 2016!
**Waar**: Zorgvliet – Tweeling distrik (Frankfort)
**Wie**: Alle Hoërskoolkinders van gr 8 - 12
**Koste**: R750 per kind
Eie vervoer moet gereël word na en van Frankfort se kerkgebou

T**ema**: My beeld van … God, myself en my naaste!
Inskrywingsvorm:
https://www.dropbox.com/s/ztqnlo1ou1z43uy/2016%20-%20Inskrywingsvorm.pdf?dl=0
Frankfort Riviertoer: http://projekte.kruispad.net/frankfort-riviertoer.html

Ouers kan ook met Hettie Viljoen by 083 628 9508 of hettie.viljoen@absamail.co.za skakel.

**STUDIES IN TEOLOGIE, ANTIEKE TALE EN PASTORALE BERADING AAN DIE NOORDWES UNIVERSITEIT - AANSOEKE VIR 2017 STUDIES NOU OOP!**

**SLUITINGSDATUM:**
Die sluitingsdatum vir 2017-aansoeke is 30 September 2016.
Voornemende studente kan nou aansoek doen vir toelating by die volgende webwerf
http://www.nwu.ac.za/
Vir afstandstudies, gaan na http://distance.nwu.ac.za/./unit-open-distance-learning-the.
**NAVRAE:**
Vir enige navrae rakende kontakstudies kontak:
***Antoinett Moerdyk*** -
antoinett.moerdyk@nwu.ac.za
Vir enige navrae rakende afstandstudies kontak: ***Petria Theron*** -
petria.theron@nwu.ac.za

**Het jy behoefte**
dat iemand vir jou of saam met jou bid? Gebedsversoekkaartjies is by die deure beskikbaar. Vul dit gerus in, en plaas in die gebedsversoekhouer in die voorportaal. Jy kan ook gebedsversoeke 'na 084 627 2393 per sms stuur.
Ons bid graag vir jou!

**Kollektes**
**28 Augustus 2016:**
Diens van Barmhartighied: R 6620
Ekumenisiteit : R 2726
**Vandag:**
Onder die diens : Barmhartigheid
By die deure: Thuso
**Volgende week:**
**Emeritaatsversorging**

**GK-BENONI KERKKANTOOR URE:**
Ma - Wo en Vrydae
09:00 –14:00 Ina Bolt
084 339 1136 / 011 849 2054

Donderdae 09:00 –13:00
Ronel Ritchie
081 218 3048

Alle lidmate wat onseker is in watter wyk of blok hulle is, of nie weet wie hul ouderling of wykslei-er is nie kan by Ina Bolt by 011 849 2054 / 084 339 1136 navrae doen.

2016 Gemeente-inligtingsboekies is in die kantoor of konsistorie beskikbaar.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

**BANKBESONDERHEDE:**
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel

**Of SNAPSCAN:**

Barmhartigheid

Deur kollekte